NED GEREF KERK
Noordelike Sinode

Aan al die afgevaardigdes

Noordelike Sinode

Kollega

SINODESITTING 13 FEBRUARIE 2015

Met die sinodesitting minder as drie weke vêr, is dit belangrik dat jy op die volgende sake let:

GELOOFSBRIEF

- Teen hierdie tyd hoop ek dat jou gemeente se geloofsbrief al by Hermien is. As die personeel wat jou gemeente saambring verander het sedert die vorige sinode, moet jy DRINGEND 'n nuwe geloofsbrief inhandig.

DATUM , TYD EN PLEK

- Die Sinodesitting vind op Vrydag 13 Februarie vanaf 09:00 tot 18:00 by NG Kerk Doornpoort plaas. Kliek **HIER** vir die kaart na Doornpoort.

REGISTRASIE

- Ons sal alreeds vanaf 07:45 gereed wees om jou te registreer. Ons sal ook gereed staan met 'n koppie koffie en 'n muffin na jy geregistreer het. Moet asseblief nie later as 08:45 opdaag nie. Ons begin stiptelik om 09:00.

OPENING

- As deel van die Sinode se opening gaan *Paul Grobler* as ons Direkteur: Noordelike Sinode bevestig word.

REISREELINGS

- Omdat ons regtig kostes probeer bespaar, vra ons jou dat julle so ver as moontlik saam sal ry. Reiskoste word per motor betaal waar 2-4 persone saam ry, 5-8 persone = 2 motors.

VERBLYF

- Ons kan akkomodasie reël vir persone wat verder as twee ure van Pretoria af woon. Ons het 'n aantal netjiese kamers by Doornpoort gemeente wat vir ons slaapplek bied. Twee persone slaap per kamer. Kontak vir Nicolene by Doornpoort om jou kamer te bespreek (tel: 012 547 1456 e-pos: skriba-ngd@lantic.net) .
- Indien jy nie van dié reëling gebruik kan maak nie, moedig ons jou aan om asseblief jou eie verblyf reëlings te tref, moontlik by kollegas, familie of vriende.
- Kontak vir Hermien as jy enige ander navrae in die verband het [tel 012-440 6525].

WAARNEMERS

- Waarnemers wat die sinode wil bywoon, moet asseblief **vooraf registreer** - dit is baie belangrik omdat ons die getalle benodig.
- Registreer asseblief by Hermien (tel: 012-440 6525 e-pos: hermien@noordsin.co.za) of kliek **HIER** om te registreer.
- Waarnemers betaal R150.00 per persoon in die volgende rekening:
  Nedbank, Pretoria;
  Tjekrekening;
  Rekeningnaam: NG Noordelike Sinode**;**
  Takkode: 149745**;**
  Rekening nr: 1497016339 - **Verwysing**: *Voorletter, Van en "Gas – 13 Feb"*

AGENDAS, UITDEELSTUKKE EN HUISWERK

- Omdat dit 'n luister en inligtingsinode is, stuur ons nie vooraf agendas uit nie. Daar sal wel inligtingstukke tydens die sitting uitgedeel word om prosesse te verduidelik.
- Standpunte en beskrywingspunte kan nou alreeds aan Hermien Swart of Immanuel van Tonder gestuur word wat dit dan op ons sinode se webbladsy sal laai. Kliek **HIER** om te sien wat alreeds gelaai is.
- As jy nog nie **Belhar** en die nuwe voorgestelde **Artikel 1** gelees het nie, sal jy goed doen om voor die Sitting die twee dokumente deeglik te bestudeer. Dan kan ons sinvolle en ingeligte gesprekke met mekaar voer.

VERBINTENIS

- As taakspan wat die sinode moet organiseer doen ons alles in ons vermoë om 'n veilige ruimte te skep waar ons na mekaar kan luister en waar ons inligting kan bekom.
- Daarom vra ons van elke sinodeganger:
  - Bid nou alreeds vir die sinodesitting.
  - Fokus tydens die sitting op wat saakmaak.
  - Bring jou beste denke en kom **praat** daaroor.
  - Luister om te verstaan –nie om te reageer nie.

- Stel jou oordeel vir ‘n oomblik uit. Verskillende perspektiewe help ons om ander moontlikhede raak te sien.
- Probeer idees saamvoeg en patrone vorm. Vra: Wat mis ons?
- Luister saam vir patrone. Die wysheid is tussen ons en nie in ons nie.

Kontak my gerus as jy enige navrae het. My nommer is 0823351156 en my e-pos is roelf.opperman@kameeldrif.ng.org.za

Hartlike groete

Namens taakspan